

SPORTverslag

Wie gaan Heilbron se bestes wees?

Ligaspan te sterk vir Bethlehem



Die weervoorsigte lyk goed vir Saterdag en spelers kan uitsien na 'n uitstekende baan met setperke wat goeie tellings sal laat inrol.

Die klubkampioenskappe gaan oor 36 putjies beslis word vir die A,B en C afdelings, met die dames en seniors wat net 18 putjies sal speel. Die senior manne gaan die veld lei en slaan reeds teen 07:30 af. Verlede jaar se kampioen, Jackie Leonard, speel uitstekende golf en hy sal vanjaar weer moeilik geklop word. In die ander afdelings is dit moeilik om

wenners te voorspel en enigiets kan op die dag gebeur.

Die ligaspan het nie verlede Saterdag op Heilbron teleurgestel nie, hulle wen Bethlehem 3 met 14 punte teen 4. Die liga is nog onbeslis nadat Frankfort teen Harrismith verloor het. Frankfort was voor Saterdag nog onoorwonne, maar Bethlehem 2 is nou die span om te wen.

Lede word ook herinner om ledegelde te betaal voor môre se kampioenskappe, anders kan jy nie speel nie.

Jagtersnuus - Riemland-Tak

Daar was Saterdag 7 Maart, ten spyte van al die ander aktiwiteite op die dag, 32 skuts teenwoordig by die skietoefening. Groot was almal se verrassing toe daar op 200m 5 skote na 'n bobbejaan teiken geskiet is. 'n 6de skoot was as 'n ekstra uitdaging toegelaat na 'n Coke botteltjie vol water. Die wind het matig gewaai, maar reg van voor het dit nie 'n probleem veroorsaak nie. Alwyn Swart het stof in die ander se oë geskop met 'n uitstekende telling van 185/200.

Handwapen was bemagtig deur Japie Steyn se gewilde "gongs" op verskillende afstande, waarvan Pierre Erasmus die winner was en 100% geskiet het. Die .22 baan het 'n takbok op gehad waarvan die beste skut vir die dag Hennie Viviers was met 'n telling van 91/100. Die haelgeweer bly steeds 'n uitdaging vir die meerderheid skuts, op die dag het die hoekwind die kleie baie anders deur die lug laat trek. Johnnie Fourie en Hennie Viviers het beide 80/100 geskiet. Geluk aan al die wenners. Die volgende groot skietdag is die 18de April se ope pryskiet met groot kontantpryse. Die SPUR se koswaentjie sal daar wees om eet- en drinkgoed te verskaf. Bring geld en al jou vriende saam.



Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za



JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067



BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIJKSTE veilings

DINSDAG - 17 MAART 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudi van der Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 18 MAART 2020

VENTERSDORP : TROMPIE GROUP
800 Bonsmaras, 1400 ha plaas, spilpunt en voerkraal
11:00, Grootbos, Ventersdorp
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

DONDERDAG - 19 MAART 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRIDAG - 20 MAART 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

SATERDAG - 21 MAART 2020

VILLIERS : ODENSIM PRODUKSIEVEILING
190 Simmentalers en 200 Dormers
11:00, Ulthoek, Villiers
Kontak Gert Burger 082 822 1952

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/076173/07
Posbus 220, Frankfort 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbLouwid.co.za



IS YOUR EMPLOYER PAYING YOU THE NATIONAL MINIMUM WAGE?


If you are not paid the national minimum wage of R20.76 per hour

- R18.68 per hour for farm and forestry workers
- R15.57 per hour for domestic workers
- R11.42 per hour for workers under the Expanded Public Works Programme

then dial the FREE IMPIMPA HOTLINE.

FREE IMPIMPA HOTLINE: *134*305#
DIAL THE FREE IMPIMPA HOTLINE AND FOLLOW THE PROMPTS

THE NATIONAL MINIMUM WAGE
A TOOL TO CLOSE THE WAGE GAP AND TO OVERCOME POVERTY



employment & labour
Department of Employment and Labour
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF EMPLOYMENT AND LABOUR, WORKING FOR YOU